



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1**BEGROTINGS****[31 minute]****Verwys na die inligting aangaande Solar Sun (Pty) Ltd.**

1.1 Bereken die syfers gemerk A tot D.

A	360 000
B	$360\,000 \times 2 = 720\,000$
C	1 440 000
D	$600 \times R450 = 270\,000$

1.2 Die getal produkte wat vervaardig word, sal verdubbel. Daar word egter verwag dat die direkte arbeidskoste nie in dieselfde verhouding sal styg nie. Gee **EEN** rede waarom dit moontlik is.

- **Werkers is voorheen nie tot volle kapasiteit benut nie, dus was geen nuwe werkers nodig nie.**
- **Werkers is vir opleiding gestuur en is nou vaardiger en meer produktief.**

1.3 Alhoewel direkte materiaalkoste eweredig met die produksie sal toeneem, het die direkteure daarin geslaag om 'n grootmaatafslag met die verskaffers te beding.

Bereken die persentasie afslag waarop hulle ooreengekom het.

$$(330\,000 \times 2) - 594\,000 = \frac{66\,000}{660\,000} \times 100 = 10\%$$

1.4 Die produksiekoste is tans R1 445 per eenheid. Bereken wat die verandering in produksiekoste per eenheid sal wees wanneer die onderneming dubbel die hoeveelheid eenhede vervaardig.

$$850\,000 + 594\,000 + 188\,400 = 1\,632\,400 / 1\,200 = R1\,360,33 \text{ per eenheid}$$

Produksiekoste sal met R84,67 daal (van R1 445 tot R1 360,33)

1.5 Die direkteure sal verkies om 'n lening te verkry in plaas daarvan om nog aandele uit te reik.

1.5.1 Gee **TWEE** voordele daarvan om nie bykomende aandele uit te reik nie.

- Indien meer aandele uitgereik word, sal die VPA minder wees.
- Indien meer aandele uitgereik word, sal die DPA daal.
- Minder aandeelhouders sal stemme hê wat die direkteure/huidige aandeelhouders kan teenstaan.

1.5.2 Die maandelikse paaielement op die nuwe lening sluit 'n kapitaalgedeelte van R100 000 in. Bereken die rentegedeelte van die paaielement.

$$220\ 000 - 78\ 000 = 142\ 000 - 100\ 000 = 42\ 000 \text{ rente}$$

1.5.3 'n Voornemende belegger het voorgestel dat die direkteure van die onuitgereikte aandele teen die huidige netto batewaarde aan hom verkoop in plaas daarvan om 'n lening vir die uitbreidings te verkry.

Bereken die persentasie van die totale aandele wat hulle moet verkoop om die waarde van die lening te vervang.

$$\begin{aligned} 350\ 000 \times R54 \times X\% &= 2\ 800\ 000 \\ &= 14,815\% \text{ (kan nie tot } 14,8\% \text{ afrond nie, want dit sal nie } 2\ 800\ 000 \text{ gee nie)} \\ &= 14,9\% \end{aligned}$$

1.6 Die begrote bedrag vir advertensies sal nie verhoog word nie. Verduidelik waarom die direkteure kies om nie vir 'n verhoging in advertensies te begroot nie.

- **Produkte is hoog in aanvraag, dus hoef hulle nie baie te adverteer nie, aangesien mense reeds die produk ken.**

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING**[58 minute]****Verwys na die inligting aangaande Nampak Ltd.**

- 2.1 Die onderneming gebruik dieselfde winsgrens op al sy produkte. Bereken die winsgrenspersentasie wat gebruik word.

$$\frac{9\,520}{11\,900} \times 100 = 80\% \quad \text{OF} \quad \frac{9\,680}{12\,100} \times 100 = 80\%$$

- 2.2 Die bedryfsuitgawes vir 2023 is aansienlik meer as in 2022.

- 2.2.1 Bereken die bedryfsuitgawes tot omset persentasie vir 2023.

$$\frac{8\,462\,000}{21\,420\,000} \times 100 = 39,51\%$$

- 2.2.2 'n Daling in die persentasie van bedryfsuitgawes tot omset word in 2024 verwag. Verduidelik die waarskynlike daling in 2024. Gebruik 'n berekening as deel van jou antwoord.

$$409\,000 + 4\,889\,000 = \frac{5\,298}{21\,420} \times 100 = 24,73\%$$

Verliese wat hierdie jaar gely is, sal nie weer in 2024 voorkom nie, dus sal uitgawes daal. Indien omset dieselfde bly, sal die persentasie heel waarskynlik tot 24% daal indien uitgawes steeds beheer word. Direkteure beoog om toekomstige verliese te besnoei deur van die maatskappy se belange te verkoop.

- 2.3 Aandeelhouers het in 2022 'n dividend ontvang, maar geen dividende is in 2023 uitgekeer nie.

- 2.3.1 Bereken die dividend per aandeel wat in 2022 betaal is.

$$\frac{419\,662\,500}{27\,977\,500} = R15$$

- 2.3.2 Alhoewel die aandeelhouers nie dividende in 2023 ontvang het nie, gee **EEN** rede waarom dit vir hulle aanvaarbaar kan wees.

- **Onderneming brei uit, wat hoër wins en dividende in die toekoms beloof.**
- **Mense vertrou die onderneming, dus dui die voorspelling van hoër aandelepryse aan dat mense meer inkomste uit hul aandele verwag.**

2.4 Die werknemers het aandeel in die onderneming in plaas van 'n kontantbonus ontvang. Geen ander aandeel is in 2023 uitgereik nie.

2.4.1 Bereken teen watter prys hierdie aandeel uitgereik is.

$$\frac{2\,890\,000}{22\,500} = R128,44$$

$$(4\,500 \times 5)$$

2.4.2 Bereken die netto batewaarde van 'n aandeel op 30 September 2023.

$$\frac{4\,569\,m}{28\,m} = R163,18 \text{ per aandeel}$$

2.4.3 Sou Walletinvestor se voorspellings akkuraat wees, wat kan die verwagte markwaarde van 'n werknemer se aandeel oor 5 jaar wees?

$$5 \times R439,40 = R2\,197$$

2.4.4 Sommige werknemers was ontevrede omdat hulle aandeel in plaas van 'n bonus van R1 000 sou ontvang. 'n Klag is by die vakbond gelê.

Gee **EEN** rede, wat met syfers gestaaf word, waarom hulle ontevrede sou wees.

- Hulle voel hulle kan die geld gebruik, maar kan niks vir die aandeel kry nie.
- Die waarde van die aandeel is tans $R163,8 \times 5 = R817,50$ en dus nie gelyk aan die R1 000-bonus waarop hulle geregtig is nie.
- Sal lank wag voordat hulle die aandeel kan verkoop om R1 000 te kry.
- Dividende is ook nie gelyk aan R1 000 per jaar nie.

2.4.5 Gee **EEN** voordeel vir die werknemers om aandeel in 'n onderneming te besit.

- Vir elke aandeel het jy 'n stem, sodat jy by die AJV kan stem.
- Kan elke jaar dividende kry op aandeel.
- Indien aandeelpryse styg, kan aandeel vir hoër pryse verkoop word.

2.5 Nampak het al sy eiendom en toerusting in Nigerië teen die huidige markwaarde verkoop.

2.5.1 Bereken die markwaarde van hierdie eiendom en toerusting toe dit verkoop is.

$8\,288\,000 + 1\,088\,000 - 6\,421\,000$
 $= 2\,955\,000$ verkoop – $2\,841\,000$ verlies
 $= R114\,000\,000$ markwaarde toe verkoop is **indien 2 dele korrek is**

2.5.2 Gee **EEN** rede waarom die direkteur besluit het dit is die beste om hierdie eiendom en toerusting te verkoop.

Ekonomie in Nigerië verswak steeds, dus kan eiendom nog meer waarde verloor.
Indien ekonomie verswak, sal die onderneming minder verkoop, minder wins maak en die instandhouding van eiendom sal meer word as die inkomste.

2.6 Likiditeit is belangrik vir die onderneming vir sy daaglikse bedrywighede.

2.6.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2023.

2023	2022
$7\,744 : 4\,391$ $1,76 : 1$	2,01:1

2.6.2 Bereken die vuurproefverhouding vir 2023.

2023	2022
$(7\,744 - 5\,413) : 4\,391$ $0,53 : 1$	1,10:1

2.6.3 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die onderneming met verwysing na die verhoudings in Vraag 2.6.1 en 2.6.2.

- **Albei verhoudings het gedaal in 2023.**
- **Bedryfsverhouding het van 2,01 : 1 tot 1,76 : 1 gedaal, wat aandui dat die onderneming laste steeds uit bates sal kan dek.**
- **Die vuurproefverhouding het van 1,10 : 1 tot 0,53 : 1 gedaal, wat aandui dat die onderneming laste nie sal kan dek sonder om voorraad te verkoop nie.**
- **Die groot verskil tussen die twee verhoudings dui aan dat die onderneming tans te veel voorraad dra.**

2.7 Die aandeelhouers is bekommerd dat die lening wat vir die nuwe aanlegte verkry is die gunstige hefboomfinansiering van die maatskappy sal beïnvloed.

2.7.1 Gebruik **TWEE** finansiële aanwysers om die onderneming se hefboomfinansiering aan die einde van 2023 te bepaal.

Aanwyser 1:

$$\frac{2\,215}{(4\,569 + 7\,704 + 7\,809 + 6\,721)/2} =$$

$$\frac{2\,215}{13\,401,5} = 16\%$$

Aanwyser 2:

$$7\,809 : 4\,569$$

$$1,71 : 1$$

2.7.2 Die aandeelhouers is bekommerd dat die bykomende lening die onderneming in gevaar stel. Verduidelik waarom jy met die aandeelhouers se kommer saamstem.

Hefboomfinansiering het negatief hoog geword, wat aandui dat die onderneming tans nie die rente op die lening sal dek nie en dat ekwiteit minder is as geleende kapitaal, wat 'n hoë risiko kan wees.

Negatiewe hefboomfinansiering en hoë risiko dui aan dat fondse nie doeltreffend benut word nie.

2.8 Die King-kode vereis dat ondernemings 'n positiewe impak op die omgewing moet hê. Het Nampak aan die vereiste voldoen? Motiveer jou antwoord.

Ja, want die blikkies wat hulle vervaardig, kan herhaaldelik herwin word, wat 'n positiewe impak op die omgewing sal hê.

VRAAG 3**VERSOENING****[31 minute]**

Verwys na die inligting aangaande Hilltop Dental Practice.

DEEL A

- 3.1 Dateer die eindsaldo van Namdental se rekening in die Krediteuregrootboek van Hilltop Dental Practice op.

	Debiet	Krediet	Saldo
Rekening gelewer			2 310
Korting	430		Moenie bereken nie
Faktuur 219 (3 010 × 2) + 100		6 120	Moenie bereken nie
Korting gekanselleer		140	Moenie bereken nie
Faktuur 250	7 240		900

- 3.2 Voltooi die Krediteureversoening vir die drie maande tydperk eindigend 30 Junie 2024.

Saldo op 30 Junie	21 530
Foutiewe saldo (7 450 – 7 130)	320
Faktuur 219	10
Betaling gedoen	(19 000)
Korting ontvang	(1 960)
	MOENIE BEREKEN NIE

DEEL B

3.3 Mnr. Kavari was baie ontsteld daaroor dat die tandarts geweier het om hom te behandel toe hy in die nood was.

3.3.1 Sal jy die tandarts se optrede as eties beskou? Motiveer.

Nee, dokters mag nie weier om 'n pasiënt te help nie, dit is deel van hul professionele gedragskode. Hy was oneties. Oneties om te weier om 'n pasiënt in 'n noodgeval te help as gevolg van uitstaande geld.

3.3.2 Mnr. Kavari sê dat hy nie bewus was van enige agterstallige bedrae nie. Gee **TWEE** redes waarom hy onder die indruk sou wees dat al sy skuld vereffen is.

- **Hy het sy 10%-pasiëntgedeelte na elke besoek betaal.**
- **Hy het 'n mediese fonds wat die res van die bedrag binne 60 dae moet betaal.**
- **Hy het nooit 'n staat van Hilltop Dental Practice ontvang om hom oor die uitstaande bedrae in te lig nie.**

3.3.3 Verduidelik **TWEE** stappe wat Hilltop Dental Practice kan doen om soortgelyke insidente in die toekoms te voorkom.

- **Maak seker eise word betyds by die mediese fonds ingedien.**
- **Herinner die mediese fonds elke maand aan uitstaande eise.**
- **Lig pasiënt in indien betaling deur die mediese fonds gedoen word/nie gedoen word nie.**
- **Maak seker dat hulle korrekte kontakbesonderhede het en stuur gereeld state.**

3.3.4 Wat is die agterstallige bedrag wat deur die mediese fonds betaalbaar is op 30 Junie?

R4 383

Totaal: 100 punte